**Sondag 13/10**

**09:30 Erediens/Doop/ Kategese**

**Kategese Heidehof kuier**

**Gr10-11**

**Matriekboksies**

Deuroffer: Gemeente Studiefonds

Diensbeurt: Fynbos

**Sondag 20/10**

**Dankdag in die Overberg**

**Biddag vir Gesondheidsdienste**

**9:30 Erediens/Kategese**

Deuroffer: Badisa

Diensbeurt : Goudini

**Sondag 27/10**

**HERVORMINGSFEES**

**9:30 Erediens/Kategese**

Deuroffer: MES—Kaapstad

DIENSNUUS

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

# Welkom by die doop

Van Josias Handré seun van Sunika en Jan Hendrik De Kock

13 Oktober 2024



Dankbaarheid vervolg:

Vandag is dit moeilik om te skryf oor dankbaarheid. Dis moeilik, want ek weet daar is mense wat dit lees wat deur regtige moeilike omstandighede gaan. Mense wat die vraag vir my sal kan vra: "Weet jy waarvan jy praat?" Ek besef dankbaarheid in alle omstandighede soos die Bybel ons leer is nie maklik nie. Maar ek besef nie eers hoe moeilik dit is nie.

Die verhaal van Corrie ten Boom is baie helder in my geheue. Sy vertel hoe sy en haar suster in die konsentrasie kamp was en in haglike omstandighede vasgevang was. Talle van die vroue saam met hulle in die slaap kwartiere het al gesterf van wanvoeding of honger, siektes of soms net smart. Die koue, die stink, die vernedering en als. Corrie en haar suster was lank uit mekaar tydens die oorlog en het nie geweet of hulle mekaar ooit weer sal kry nie. Haar pa en ander familie was reeds doodgemaak deur die vyand. Hulle was verpletter, maar hier is die slaap kwartier is sy en haar suster weer saam. Dis moeilik, maar saam. Haar suster Betsie herinner haar dat hulle in alle omstandighede moet dankbaar wees. Hulle besluit om te bid en vir God dankie te sê vir dinge waarvoor hulle kan dankbaar wees. Hulle saam wees, hulle geleentheid om die evangelie vir die ander vroue te bring, die Bybel wat hulle besit, ens.

Dan sê Betsie dat hulle moet dankbaar wees vir die vlooie wat in hul slaap kwartier is. Corrie weier. Sy is kwaad. Sy sê sy sal nooit kan dankie sê vir die verpestelike vlooie wat hulle so byt nie. Die goed maak seertjies op hul velle. Dis aaklig. Betsie hou vol. "Sê dankie vir die vlooie Corrie, God wil hê ons moet in alle omstandighede oor alles dankbaar wees…" Corrie kon nie die woorde uitkry nie. Dae later hoor iemand die wagte bespreek oor watter wag gaan inspeksie doen in die kwartier waar Corrie-hulle slaap. Die wagte weier om daardie kwartier te gaan inspekteer. Dit beteken die vroue daar het `n mate van vryheid. Hulle kan saam sing, hulle kan saam Bybel lees(wat ook teen die reëls was en die doodstraf kon volg as gevolg van die oortreding). Een van die vroue het toe die wagte hoor sê: "Ek sal nie daar gaan inspeksie doen nie, daar is te veel vlooie in daardie plek. Kom ons los hulle net uit…"

Die vlooie het hulle beskerm. Corrie het dit besef en die Here geloof en dankie gesê vir die vlooie. Sy het ook haar ondankbaarheid bely.

Verhale soos dit help ons, maar dit maak nie altyd ons omstandighede beter nie. Eenkeer vra Mari my hoe leer `n mens kinders van dankbaarheid. Waar leer hulle dit. Hoe dra mens dit oor? Ek het spottend geantwoord. "Mens moet net genoeg vir hulle 'nee' sê, dan sal hulle leer om dankbaar te wees wanneer hulle 'ja' hoor." Daar is sekerlik iets waar daarin. Wanneer ons vir hulle "nee" sê, dan gee dit hulle tyd om te dink oor wat hulle wel het, amper soos Corrie tyd gekry het om te dink waarvoor sy kan dankbaar wees, selfs vir vlooie. Dalk wanneer ons deur moeilike tye gaan, wanneer ons "nee" antwoorde kry gee dit ons ook tyd om te reflekteer. Dit maak verseker dat ons dink oor goed. Dalk dan sal ons ook besef daar is nog soveel om voor dankbaar te wees.

Om te praat oor dinge waarvoor ons dankbaar is, is moeiliker in moeilike omstandighede, maar dit is dalk meer eg as wanneer dit net goed gaan. Ek bid dat God deur Sy Gees ons die krag sal gee om in alle omstandighede dankbaar te wees, want slegs deur Sy krag sal dit in alle omstandighede moontlik wees.

Groete

Willem

`n Mens se vertrekpunt is belangrik.

Waar begin jou genade?

Josua 7

- `n Bietjie agtergrond lê in hoofstuk 5 en 6 van Josua se verhaal. Natuurlik selfs vroeër.
- Gilgal verteenwoordig `n vertrekpunt vir die verhaal van Ai.
- Selfvertroue kan goed wees, maar wat as dit meer is as om op God te vertrou?
- Sonde is dikwels die gevolg van "selfvertroue/hoogmoed"
- Sonde word verwyder wanneer daar bloed vloei.
- Jesus se bloed betaal ook vir ons sonde.
- Jou genade begin by die verbond wat God met jou sluit. Jou identiteit word bevestig deur Jesus en jou voortleef geskied vanuit `n verhouding deur die Heilige Gees.

## Baie geluk!
## Geniet julle dag.

| Naam | Van | Verjaardag | Selfoon |
|---|---|---|---|
| Hannetjie | Du Plessis | 10/11 | 27732701978 |
| Andri | Fick | 10/11 | |
| Leandré | Boshoff | 10/12 | |
| Jan | De Waal | 10/12 | 27828099866 |
| Henco | Crous | 10/13 | |
| Ian | Van der Merwe | 10/13 | 27834561949 |
| Elizna | De Kock | 10/14 | 27726005447 |
| Barend | Swart | 10/14 | |
| Carina | Du Preez | 10/15 | 27729965093 |
| Len | Hauman | 10/15 | 27834481742 |
| Maryka | Van Deventer | 10/15 | 27833738830 |
| Hansie | Claassen | 10/16 | 27829444641 |
| Elma | Groenewald | 10/16 | 27845136349 |
| Pieter | Snyman | 10/16 | 27781077776 |
| Martin | Theron | 10/16 | 27727314740 |
| Almarie | De Kock | 10/17 | |
| Melissa | Steenkamp | 10/17 | 27722423881 |
| Elnora | Crous | 10/18 | |
| Edward | Morgan | 10/18 | 27844029554 |
| Avah | Schultz | 10/18 | |
| Arina | Swart | 10/18 | 27760485822 |
| Jan-Albert | Van der Westhuizen | 10/18 | |
| Koppie | Van Straaten | 10/19 | |
| Ben Louis | Fourie | 10/20 | 27833308049 |
| Louis | Fourie | 10/20 | 27834093151 |
| Francina | Otto | 10/20 | 27846819215 |
| Dana | Steenkamp | 10/20 | 27827752513 |
| Lianke | Swart | 10/20 | |

## Voorbidding

- Lohette De Wet (Freesia)
- James Smal (Diepgat)
- Releen Swart (Veldblom)
- Barendes Groenewald (Sentrale)

# Caledon Kersmark

'n Fees van geskenke

**28 Oktober - 2 November 2024**

NG Moedergemeente Kerksaal

| | |
|---|---|
| **Maandag :** | **14:00 - 19:00** |
| **Dinsdag - Donderdag :** | **09:00 - 18:00** |
| **Vrydag :** | **09:00 - 19:00** |
| **Saterdag :** | **09:00 - 14:00** |

**Navrae:**
**Chrisna Delport - 082 944 4505**

KOM KUIER SAAM BY CALEDON KERSMARK -
**ALMAL WELKOM!**

## So hou ons kontak!

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**

**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**



Snap here to pay
SnapScan

**Kerkkantoor is oop vanaf :**

**Maandag-Donderdag 7:00AM-1:00PM- 2:00pM-3:30PM**

**Vrydae 7:00AM-1:00PM**